16.03.22

NGK CALITZDORP

P. VENTER

IDENTITEIT

Lees: Matt 25:31-40

31 "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit.

32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei.

33 Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

34 "Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit,

35 want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves;

36 Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.'

37 Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink?

38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee?

39 Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?'

40 En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

Dit gaan oor identiteit.

Maar eers 'n paar opmerkings oor die konteks van ons Skrifgedeelte.

Van Matteus 24:45 af al word identiteite toegeken aan mense. Etikette, as jy dit so wil noem. Reputasies is dalk ook geldig. Daar is die gelykenis oor die getroue slaaf, en die slegte slaaf. Onthou, dis mense van wie ons praat. Daar is die vyf onverstandige meisies, en die vyf verstandige meisies. Daar is die twee goeie en getroue diensknegte wat met hulle talente gewoeker het, en die slegte en lui dienskneg wat sy talent in die grond begrawe het. En dan is daar die geseëndes van My Vader, soos Jesus hulle noem, van wie ons gelees het, en daarteenoor die vervloektes; wat ons sekerlik nie graag wil wees nie.

As jou identiteit wie jy regtig is, aan 'n etiket gekoppel is, dan raak jy moeilik daarvan ontslae. Jy kan jou indink hoe hard die een talent dienskneg sou moes gaan werk om die etiket van slegte en lui dienskneg wat Jesus aan hom toegeken het, van ontslae te raak. Of hoeveel lof die getroue diensmeisies sou ontvang omdat hulle so genoem is.

Maar partykeer, as iemand iewers reg optree, werk 'n etiket nie.

Geagte Mnr Donald Trump het nou die dag laat opgedaag by 'n funksie. Hy het nie geëet die dag nie vanweë sy druk program. Maar soos 'n goeie nederige politikus wat die mense se guns wil wen, betaam, het hy ook in die tou gaan staan met sy bord om kos te kry. Toe hy sy bord uithou, toe skep die tannie agter die tafel vir hom een stukkie hoender in. Trump sê toe: "Verskoon my, tannie, ek is baie honger, kan ek asseblief nog 'n stukkie hoender kry?". Sy antwoord: "Nee, my taak is om net een stukkie hoender vir elkeen uit te deel. "Maar ek is baie honger" sê Trump. "Net een stukkie vir elke persoon" sê sy. Donald Trump is van nature natuurlik 'n baie nederige, hoflike persoon. Maar hy besluit om hierdie keer sy gesag te laat geld. "Tannie, weet jy wie ek is? Ek

is die republikeinse party se presidentskandidaat." Sy antwoord: "Weet jy wie ek is? Ek is die vrou in bevel van hierdie hoendergereg. Beweeg aan, meneer".

Wat het hier gebeur? Die een het staatgemaak op sy etiket om sy identiteit te bepaal en sy sin te kry; die tannie het staatgemaak op haar rol en funksie as haar identiteit, om die regte ding te doen.

Wat is mens se identiteit dan nou eintlik?

Want ons identiteit vorm ons, en ons vorm ons identiteit. Soos die Hollanders sê: "Identiteit is die eenheid van wezen". Sekere dinge waarmee ons niks te doen het nie, werk mee aan ons identeit. Soos ras, geslag, ouderdom, volksverwantskap ens. Ander dinge trek ons self nader, trek ons self aan, om mee te werk aan ons identiteit. Soos wanneer Rassie die Leeus se trui aantrek, of 'n tiener haar naels swart verf en 'n kopspeld deur haar onderlip steek en swart klere dra.

Mens bou eintlik jou hele lewe lank aan jou identeit; of laat ek eerder sê: ons lewe lank word getimmer en gebou aan ons identiteit. *Identiteit ligt niet vast voor het leven maar verschuift in de tijd.* Aan onze identiteit bouwen we ons hele leven, ze is nooit af.

Die medewerkers aan hierdie bouproses is eerstens die natuur: hoe jy lyk, groei, verander, maer of stewig, lank of kort, ook met die menslike natuur: dapper of bang, voortvarend of teruggetrokke. Sommige van hierdie goeters is gegewes, jy kan daar niks aan doen nie. Soos die dag toe my pa en ma besluit het: Ouboet, jy is nou groot; jy moet 'n pak klere kry vir kerk en sondagskool. Op pad winkel toe het ek gedroom van hierdie natty stovepipe swart broek, blink belt, en styfpassende with it baadjie... maar toe koop hulle 'n kortbroek pak klere, waarvan die broek se pype so wyd is soos die Missisipi rivier... en ek was maar 'n baie maer, tingerige oudjie...my ou beentjies het soos vuurhoutjies gelyk in hierdie reuse tonnels van broekspype...met die gevolg ek het voor kerk en voor Sondagskool styf teen die muur bly staan, die pype agter my beentjies ingevou, sodat niemand moet sien ek is maer nie.

Maar is my identiteit dan gelyk aan my selfbeeld? Wel, my selfbeeld word gevorm deur wat ek is, of dink ek is, en deur wat die natuur aan my gegee het, en wat ander mense van my sê, die name wat hulle my noem en so...wat ek toegereken word, word dikwels deel van my selfbeeld.

Maar is dit my identiteit?

Die lastige van die idee dat my identiteit deur myself geskep word op grond van my persoonlikheid en persoonseienskappe en wat van my gesê en gedink word, is dat ek dit alleen kan doen deur myself met ander te vergelyk. Ooreenkomste en verskille tussen my en ander maak dat ek aan myself 'n sekere identiteit toeken. Bewustelik, en ook onbewustelik.

Sien, ek dink as jy regtig wil weet wie is jy regtig, wie is die regte jy, dan moet jy onthou: drie dinge moet saamwerk en saamstem:

Identiteit is hoe jy jouself sien.

Reputasie is wat mense van jou dink.

Karakter is wat God van jou weet.

Al hierdie dinge eintlik maar omdat ek vir julle 'n baie besondere storie wil vertel. Oor die woordjie: formidabel.

Dis 'n woord wat in baie tale voorkom: jy kan sê iets of iemand is formidabel, dws indrukwekkend, awesome, fantasties met dieselfde woord in Noors, Sweeds, Duits, Frans, Latyn, Portugees, Hollands, Spaans, Engels, Vlaams, Afrikaans....universeel bestaan die moontlikheid dat jy, en jy, formidabel is...en in Italiaans, waaroor die storie gaan.

Sien, 'n man en vrou kon nie kinders hê nie. Hulle het baie jare lank probeer, maar toe die jare hulle inhaal moed opgegee. Tot eendag: toe, sowaar, op hulle oudag is hulle eie seuntjie gebore! En die twee Italianers was so bly, hulle het die seuntjie FORMIDABILE gedoop. En klein FORMIDABILE was sy ouers se trots, en hy

het opgegroei…totdat hy ander kinders begin raaksien het; en begin vergelyk het. Sien, Formidabile was 'n klein, maer, bang, tingerige outjie in vergelyking met sy portuur. Toe word hy skaam vir sy naam. En die kinders het hom gespot oor sy naam, want hy was baie ver van 'n formidabele figuur af. En hy het meer en meer teruggetrokke geraak, en meer en meer wrewel rondgedra oor sy naam.

Mettertyd is hy ook getroud, en het self kinders gehad. En hy Formidabile was 'n wonderlike man vir sy vrou, en 'n uitstekende pa vir sy kinders. Lojaal, liefdevol, hy het homself opgeoffer vir elke behoefte wat hulle gehad het. Regtig 'n besonderse eggenoot en pa. Maar oor sy naam het hy nooit vrede gekry nie. Soveel so dat hy sy vrou en kinders gevra het: as ek eendag te sterwe kom, moet asseblief nie my naam op my grafsteen skryf nie.

So is hy ook oorlede. Sy vrou en kinders het sy wens gerespekteer, en nie sy naam op sy grafsteen geskryf nie. In plaas daarvan het hulle geskryf: hier lê 'n man wat alles opgeoffer het vry sy vrou en kinders; 'n liefdevolle vader en getroue eggenoot, die beste ooit.

En van toe af, as mense by sy grafsteen staan en lees wat daar geskryf staan, roep hulle uit: FORMIDABILE!

Wat sal jy en ek genoem word, eendag, wanneer wat ons is en wat mense sê en wat God dink, aan die lig kom?

Wel, dalk staan daar geskrywe van jou: "Vir sover jy dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het jy dit aan My gedoen.'

En dan klink die uitroep: Formidabel! Kom, jy wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir jou voorberei. Neem dit as erfenis in besit.

Amen